## Amerikaanse besnoeiings: SA moet optree om LGBTIQ+-regte te beskerm

**Gibson Ncube***

Op 21 Maart gedenk Suid-Afrika Menseregtedag om diegene te vereer wat vir demokrasie en die regte geveg het wat alle burgers vandag geniet. Dit is ŉ geskikte oomblik om oor die vordering te besin wat sedert die einde van apartheid gemaak is en die kollig op die voortgesette stryd vir die gelykheid en waardigheid van gemarginaliseerde mense en gemeenskappe in Suid-Afrika en regoor die vasteland te laat val. Een van die dringendste hiervan is die stryd vir lesbiese, gay, biseksuele, transgender, interseks- en queer-regte (LGBTIQ+).

In die laaste paar jaar het die globale landskap vir LGBTIQ+-regte drasties verander. Ongelukkig was hierdie veranderinge nie ten goede nie.

ŉ Paar dae nadat sy nuwe termyn as Amerikaanse president begin het, het Donald Trump uitvoerende bevele onderteken wat alle buitelandse finansiering opgeskort het. Dit sluit die stelselmatige ontbinding in van agentskappe soos die VSA se Agentskap vir Internasionale Ontwikkeling (USAid). In die lig daarvan dat Trump die $8 miljoen vir LGBTIQ+-programme in Lesotho as ŉ "afgryslike vermorsing" bestempel het, moet Suid-Afrika – as ŉ baken van menseregte op die vasteland – nou daadwerklik optree om die gapende leemte te vul wat deur die VSA se leier gelaat is.

In Suid-Afrika het USAid veral programme ondersteun wat deur die Amerikaanse president se noodplan vir vigsverligting (Pepfar) gefinansier word en wat MIV-voorkoming, -sorg en -behandeling vir transgender mense geprioritiseer het. Pres. Cyril Ramaphosa het in sy staatsrede kommer uitgespreek oor die potensiële impak van die Amerikaanse regering se besluit om ŉ deel van die finansiering vir MIV- en TB-programme in Afrika op te skort. Baie van die USAid-gefinansierde programme het gehelp om die buitensporig hoë MIV-risiko wat deur LGBTIQ+-mense in die gesig gestaar word, te temper.

Die beëindiging van hierdie programme is ŉ potensieel verpletterende slag vir LGBTIQ+-gesondheid- en menseregte-inisiatiewe. Dae ná die aankondiging van die beëindiging van finansiering het die Amerikaanse regering beveel dat sulke programme hul dienste onmiddellik moet staak. Kennisgewings oor diensbeëindiging is aan meer as 5 800 USAid-gefinansierde inisiatiewe wêreldwyd uitgestuur, waarvan meer as 40 gerig is aan inisiatiewe wat in Suid-Afrika gesetel is. Adam Cox, Adjunk-direkteur van die Kantoor vir Verkryging en Bystand by USAid, het in die kennisgewings verduidelik dat die programme volgens ŉ bevel van die Amerikaanse minister van buitelandse sake, Marco Rubio, "nie met agentskapprioriteite strook nie" en nie in die VSA se belang is nie.

Die organisasies in Suid-Afrika wat geraak word, sluit in die Anova Health-instituut wat die Ivan Toms-sentrum vir Gesondheid in Kaapstad bestuur, asook Wits se Instituut vir Voorplantingsgesondheid en MIV in Johannesburg. Albei bied MIV- en geslagsbevestigende gesondheidsorg aan die transgender gemeenskap. Die voormalige Amerikaanse president, Joe Biden, het fondse vir Zimbabwe bewillig om LGBTIQ+-inisiatiewe te ondersteun. In Uganda sal die programme van die Africa Queer Network ongetwyfeld ook geraak word. Hierdie en ander programme in verskillende dele van die vasteland het betekenisvolle voorspraak vir gesondheid en regte gemaak.

Die gevolge van hierdie opskortings kan nie oorskat word nie. Honderde en selfs duisende personeellede in verskillende organisasies word deur werkloosheid in die gesig gestaar. Nog erger is dat baie begunstigdes regoor die vasteland op hierdie programme as hul enigste bron van gesondheidsorgfasiliteite staatgemaak het. Hulle sal nou selfs meer kwesbaar wees, wat hul reeds haglike situasie sal vererger.

Baie van hierdie programme het ook haatmisdaad gemonitor en veilige ruimtes, geestesgesondheidsberading en ’n allesomvattende ondersteuningstelsel vir LGBTIQ+-mense en -gemeenskappe gebied. Dis ’n verpletterende slag vir die organisasies wat die programme bestuur én die gemeenskappe wat hulle bedien. Die beëindiging van hierdie USAid-gefinansierde programme kan ’n terugslag vir die stryd teen MIV wees en kan meer omvattende pogings om LGBTIQ+-mense in Suid-Afrika en elders op die vasteland te bemagtig en te beskerm, aansienlik ontspoor.

Suid-Afrika, met sy progressiewe Grondwet en sterk wetlike beskerming vir LGBTIQ+-mense, is uniek geposisioneer om die vasteland se uitdaging aan te pak. As een van Afrika se mees ontwikkelde demokrasieë het die land ’n morele plig om leiding oor kwessies van menseregte in Afrika te neem. Die land moet homself opnuut tot sy rol as ’n fakkeldraer vir LGBTIQ+-regte verbind deur groter steun vir voetsoolvlakorganisasies en die dekriminalisering van nie-normatiewe seksualiteite oor die vasteland heen. Die land se diplomatieke invloed moet gebruik word om ander regerings aanspreeklik te hou vir die manier waarop hulle LGBTIQ+-mense behandel.

Suid-Afrika moet dringend leiding gee in die lig van die toenemende invloed van anti-LGBTIQ+-retoriek en -beleide van globale moondhede, veral van die VSA. In onlangse jare het konserwatiewe godsdiensgroepe in Amerika geld en hulpbronne in Afrika gestort om die inwerkingstelling van homofobiese wetgewing te ondersteun en skadelike stereotipes oor LGBTIQ+-mense te verkondig. Sonder ’n sterk teenbalans dreig sodanige optrede om die vordering wat LGBTIQ+-regtebewegings met moeite gemaak het, ongedaan te maak. Met sy geskiedenis van die oorkoming van onderdrukking en sy verbintenis tot gelykheid en menseregte moet Suid-Afrika staande bly en hierdie gety weerstaan.

Dit is belangrik om daarop te let dat dit nie net oor buitelandse beleid gaan nie, maar oor die erkenning van menseregte en menswaardigheid. Suid-Afrika het ’n goeie voorbeeld gestel en het sy pogings uitgebrei om te verseker dat LGBTIQ+-Afrikane dieselfde regte en vryhede as almal anders geniet. Die land kan aanhou om ’n fakkeldraer te wees om te verseker dat LGBTIQ+-mense op die vasteland sonder vrees vir geweld leef, toegang tot gesondheidsorg sonder diskriminasie het, en sonder vrees vir vervolging kan leef en liefhê. Hierdie is natuurlik nie radikale eise nie, maar die ware wese van menseregte.

Terwyl Suid-Afrika Menseregtedag gedenk, is dit belangrik om te onthou dat die stryd vir gelykheid nog lank nie verby is nie. “It’s not yet uhuru,” soos Letta Mbulu gesing het met die aanbreek van demokrasie in die reënboognasie. Die opskorting en onttrekking van Amerikaanse ondersteuning vir LGBTIQ+-regte in Afrika is ongetwyfeld ’n terugslag. Dit is egter ook ’n geleentheid vir Suid-Afrika om die mantel van leierskap op te neem. Deur LGBTIQ+-Afrikane te ondersteun kan die land die nalatenskap van sy eie stryd vir vryheid en geregtigheid eer. Suid-Afrika kan ook sy plek as ’n menseregteleier op die vasteland en wêreldwyd opnuut bevestig.

***Dr Gibson Ncube is ’n senior dosent in die Departement Moderne Vreemde Tale aan die US. Die menings wat uitgespreek word, is dié van die skrywer en weerspieël nie noodwendig dié van die Universiteit nie.**